HOËRSKOOL RANDBURG

Spesifieke Oueromsendbrief nr. 37 van 2026

18 Maart 2026

Geagte Randjie-ouer/-voog en -netbalspeler

Hiermee die reëlings vir die Menlo-toernooi waaraan die A-oefengroepe vanaf 26 tot 30 Maart deelneem.

- Die bus vertrek Donderdag, 26 Maart om 13:00 na Hoërskool Menlopark vir registrasie en die openingsfunksie. Die dogters dra lang, ordentlike denims met hul LO-hemde en opwarmings-/sweetpakbaadjie. Al hul bagasie kan Donderdagoggend agter in die LO-saal gebêre word. Registrasie vind tussen 11:00 en 16:00 plaas en die openingsfunksie begin 16:00. Die dogters ontvang 'n ligte aandete na die funksie en ons vertrek dan na die *Hatfield Garden Court Hotel*.
- Ons vat neem agt gazebo's saam wat Donderdagmiddag voor die openingsfunksie opgeslaan sal word. Ons vra elke span om asseblief 'n grondseil of twee te voorsien. Ons versoek dat die grondseile asseblief teen Donderdagoggend hier is sodat dit in die bus gelaai kan word.
- Die bedrag is R4000 per dogter. Dit sluit die verblyf by die *Hatfield Garden Court Hotel*, ontbyt, toernooigelde en vervoer in. Die volle bedrag moet dringend teen Vrydag, 20 Maart betaal word.
- Daar is 'n skoolbussie wat die spanne tussen die hotel en die hoërskool sal vervoer. Parkering by die skool is beperk en op eie risiko.
- Middagetes en aandetes is vir eie rekening en reëlings. Daar is 'n lieflike kafeteria sowel as kosstalletjies.
- Die hotel verskaf 'n opsie vir 'n buffet-aandete teen R195 per persoon en wat vooraf bespreek en betaal moet word. Vul die volgende *Google* vorm in, sou u in hierdie opsie belangstel.

https://forms.gle/5Qw8qH7HS5PDENdb9

Kleredrag:

o. 14 - o. 17

Vrydag: Randburg netbalwedstryddrag met sterretjiekouse

Saterdag: Vlootblou (*navy*) Randjie netbalhempie met ordentlike, los, swart kortbroek en wit kouse.

Sondag: Randburg wedstryddrag met sterretjiekouse.
Maandag: Vlootblou (*navy*) Randjie netbalwedstryddrag met sterretjiekouse.
Opwarmingsbaadjie en/of sweetpak.

1ste span:
Vrydag: Wit rokkie
Saterdag: Blou rokkie
Sondag: Wit rokkie
Maandag: Blou rokkie

Paklys:

- Wedstrydklere
- Sterretjiekouse
- Randjie netbalhemp
- Ordentlike sportonderklere
- Los, swart kortbroek
- Opwarmingsbaadjie/sweetpak
- Handwaspoeier
- Waterbottel
- Sonroom
- Komberse en kussings (vir onder die gazebo's)
- Gemaklike klere
- Nagklere
- Toiletware
- Eie medisyne
- Geld/kaart
- Eie persoonlike benodigdhede

NB: Ek herinner almal aan 'n voltooide vrywaringsvorm. Dit moet by jou afrigter wees.

Ek moedig die dogters aan om mekaar, waar moontlik, te ondersteun.

Geen wangedrag by die toernooi of die hotel sal geduld word nie en enige dogter wat haarself nie gedra nie, se ouers sal onmiddellik gekontak word om haar te kom haal.

Vriendelike Randjiegroete,

G. Labuschagne
Netbalorganiseerder

P. Booysen
Skoolhoof